# GROTTO BAY - 2022

| ROETE: | Ostrich Trail | DATUM: | 5 Maart 2022 |
|---|---|---|---|

## KOMMENTAAR

Vroeg Saterdagoggend het 'n stewige groep van 33 stappers by die Conservation Centre binne Grotto Bay Estate bymekaar gekom om die Volstruis-sirkelroete wat deur die reservaat loop, aan te durf. Ons mis eers die beginpunt met so 100 meter, maar daarna vind die nuweling-stapleiers wel hul voete (of altans die pad waarop daardie voete moet stap)! Die eerste gedeelte van die stap neem ons deur die strandveld se fynbos. Op 'n stadium hardloop 'n volstruis so 'n entjie voor ons in die paadjie, asof om aan te dui ons loop op sy roete! By die kurkdroë Modderrivier draai ons seewaarts, met die dikker sand wat so bietjie meer van 'n uitdaging lewer. Ons haal die halfpadmerk waar die rivier die see mond en verpoos kort daarna by 'n rotsstapel vir iets te ete. 'n Paar dapperes gaan baljaar vlugtig in die yskoue Atlantiese oseaanwater. Met vol mae stap ons met die kuslyn af. Hierdie deel staan bekend as die Oystercatcher Trail en bied pragtige seeuitsigte met unieke rotsformasies. Die klim en klouter oor rotse verloop heel gemaklik en die ebgety speel saam. Ons loop verby 'n paar vissers (nie Sharon en Niel nie!) op die rotse, wat beduie dat die visse maar traag is om te byt. Daarna kom ons by 'n "spookstrandhuis" met graffiti oral teen die mure. Hier word Esther Warnich se 1,000 totale km-mylpaal, wat sy op die roete bereik het, summier met 'n slukkie vonkelwyn gevier. Intussen speel die groep lekker saam om die geheime leuse ("Walk4joy") te ontsyfer en op hul kaartjies in te vul - enkeles verwar 'n 4 met 'n 2 of Warnich met Booyens, maar feitlik almal kry dit wel op die ou ent reg. Die laaste deel draai ons weer binnelands, loop verby Grotto Bay Estate se spoghuise, verdwaal amper weer hier kort voor die eindstreep, maar bereik almal die motors met ons litte goed los. Magda Kritzinger Le Roux wen die "lucky draw" prys en 'n houtmedalje/yskasmagneet daarmee saam. Sowat helfte van die groep gaan nuttig daarna 'n happie of twee by Groote Post en party beproef die landgoed se lekker wyne. Dankie aan almal - dit was vir my (Freddie) en Susan 'n plesier om julle aan boord te hê. Gelukkig was daar meer blaf as byt in hierdie roete! 10 (9.4) km is afgelê en ons het selfs 86m hoogte bygevoeg.

| STAPPER | LIDNOMMER | ADMINFOOI | KM | OPMERKING |
|---|---|---|---|---|
| Freddie Pohl | 2022060 | R 5 | 10 | |
| Susan Pohl | 2022061 | R 5 | 10 | |
| Niel Visser | 2022006 | R 5 | 10 | |
| Sharon Visser | 2022005 | R 5 | 10 | |
| Kobus Terblanche | 2022010 | R 5 | 10 | |
| Edna Terblanche | 2022011 | R 5 | 10 | |
| Brenda Sideratos | 2022041 | R 5 | 10 | |
| Werner Booyens | 2022042 | R 5 | 10 | |
| Wynand Krause | 2022008 | R 5 | 10 | |
| Madie Krause | 2022009 | R 5 | 10 | |
| Beulagh Keulder | 2022021 | R 5 | 10 | |
| Amanda Matthee | 2022015 | R 5 | 10 | |
| Alana van Rensburg | 2022045 | R 5 | 10 | |
| Miranda Myburgh | 2022062 | R 5 | 10 | |
| Lieneke du Toit | 2022074 | R 5 | 10 | |
| Esther Warnich | 2022072 | R 5 | 10 | |
| Sinmarie Pieterse | 2022052 | R 5 | 10 | |
| Lecia Gerber | 2022003 | R 5 | 10 | |
| Liesl du Plooy | 2022024 | R 5 | 10 | |
| Ilze Geldenhuys | 2022004 | R 5 | 10 | |
| Monje Pohl | 2022088 | R 5 | 10 | |
| Francois Theron | 2022089 | R 5 | 10 | |
| Cairestine Lottring | 2022029 | R 5 | 10 | |
| Altina Lottring | 2022030 | R 5 | 10 | |
| Estelle Smuts | 2022048 | R 5 | 10 | |
| Waldemar Smuts | 2022049 | R 5 | 10 | |
| Michael Smuts | 2022057 | R 5 | 10 | |
| Helen Kriel | 2022053 | R 5 | 10 | |
| Magda Kritzinger Le Roux | Nie hernu | R 10 | 10 | |
| Karenza Olivier | Besoeker | R 10 | 10 | |
| Elani Olivier | Besoeker | R 10 | 10 | |
| Jaco Olivier | Besoeker | R 10 | 10 | |
| Marius Olivier | Besoeker | R 10 | 10 | |
| Sandy George (kanselleer net voor stap) | | | | |
| | **TOTALE:** | **R 190** | **330** | |

| VERSLAG DEUR: | FREDDIE POHL |
|---|---|